# Afrikaanse Protestantse Kerk

Rig alle korrespondensie i.v.m. hierdie skrywe aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir aandag van:
Ds. JL Schütte
direkteur@apk.co.za

7 Februarie 2019

**OMSENDBRIEF 3/2019**

## VROUEBIDDAGBOODSKAP

**Aan alle skribas en leraars**
**Vir die aandag van die Sustersaksie**

Soos u reeds sekerlik van bewus is, word daar elke jaar ŉ boodskap voorberei en beskikbaar gestel aan ons gemeentes vir die gebruik deur susters by die Vrouebiddag-geleentheid.

Daar is geen voorgeskrewe reël oor presies wanneer dit moet plaasvind nie. Sommige gemeentes hou dit vroeg in Maart, terwyl ander gemeentes se susters hou by die voorstel van die sinode om op ons kerkverband se stigtingsdatum, 27 Junie of so na as moontlik daaraan, te vergader.

Hierdie jaar se Boodskap is voorberei deur ds. Ruan Combrink van die AP Kerk Bethlehem, en die tema is: Wees ŉ vervulde vrou deur God se werking in jou. Ons vertrou dat hierdie boodskap aan die hand van die boek Rut vir almal waardevol sal wees.

Die susters is welkom om die res van die program in te klee soos dit vir hulle pas.

*Vriendelike groete*

Schütte

**Ds. JL Schütte**
**Direkteur van Kerkadministrasie**

**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 🖷 (012) 362-2023

**Skriflesing: Rut (Geselekteerde gedeeltes)**

**Tema:** Wees ‘n vervulde vrou deur God se werking in jou!

**Votum:** “Wend julle tot My en laat julle red, alle eindes van die aarde! Want Ek is God, en daar is geen ander nie.” – Jes 45:22

**Seëngroet:** Genade, barmhartigheid en vrede van God ons Vader en van Christus Jesus, ons Here deur die kragtige werking van die Heilige Gees. Amen

**Lofsang: Ges 4:1,2,3**

**Wet:** Eks 20

**Skuldbelydenis: Ps 38:1**

**Genadeverkondiging en retensie:**

Maar die goddelose is soos ‘n ontstuimige see; want dit kan nie tot rus kom nie, en sy waters gooi slyk en modder op. Geen vrede, sê my God, vir die goddelose nie.” – Jes 57:20-21

“Maar die regverdige,deur sy geloof sal hy lewe.” – Hab 2:4b

Aan elkeen wat met ‘n ware berou en ‘n opregte geloof hul toevlug neem tot sy enigste Verlosser en Saligmaker, Jesus Christus, verkondig die woord vergifnis van sonde. Aan elkeen wat die genade van die Here verwerp, verkondig die Woord dat die toorn en die straf van die Here op hom sal bly solank hy in sy sonde bly voortleef.

**Geloofsbelydenis:** Apostoliese geloofsbelydenis

**Uitbreiding: Ges 84:11**

**Skriflesing: Rut (Die volgende verse:)**

**Lees 1:1-18**

Naomi en Rut reis voort en vestig in Betlehem tydens die begin van die gars-oes

**Lees 2:1-3, 5-7**

Boas is dan goed vir Rut, hy laat haar by sy diensmeisies aansluit en waarborg haar werk, beskerming, water en deel selfs sy kos met haar in v14. Sy vra hom dan hoekom hy so goed is vir ‘n vreemdeling (Moabiet)

**Lees 2:11-12**

Hierna vertel Naomi haar van die lossingsgebruik en vertel haar wat om te doen.

**Lees 3:6-11**

Boas gaan dan na die losser toe wat nader as hy is en bied hom die lossingsreg aan wat hy van die hand wys. Dit stel Boas vry om te los.

**Lees 4:13-17**

**Gebed**

**Inleiding**

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, ons lewe in 'n tyd waar daar 'n geweldige aanslag is op manlikheid en vroulikheid. Dit word in ons keelgate afgedruk dat mans en vroue eintlik nie veel verskil nie, dat die een alles kan doen wat die ander kan doen.

Om dit reg te kry om mans en vroue in dieselfde boksie te kan druk is dit ongelukkig nodig om alles wat uniek is aan elkeen af te breek. So word vroue, wat van nature meer kuis is aangemoedig om die losbandigheid te omhels waarvoor mans meer bekend is. Vroue word aangemoedig om grasie en finesse en elegansie te verruil vir 'n growwer, taaier, meer onbeskofte ingesteldheid wat die tipe krag vertoon wat haar in staat stel om met mans te kan kompeteer in die besigheidswêreld.

Vroue word aangemoedig om nie afhanklik te wees van mans nie, in sommige gevalle word huwelike selfs ontmoedig. So sal die vrou haar regmatige plek inneem langs die man en gelukkig wees, vervuld wees!

Die ironie is dat dit nie werk nie. Studie na studie toon dat hierdie dinge 'n vrou nie gelukkig maak nie.

In Rut sien ons hoe God 'n vrou gebruik, haar skoonheid, haar inisiatief, haar deugsaamheid, haar kuisheid en haar grasie om 'n belangrike rol in sy verlossingsplan te vervul en hoe dit is wat haar vervul en gelukkig maak.

'n Vrou, soos 'n man, is gelukkig en vervuld as God deur hulle werk tot sy verheerliking!

**Geloof in God bely**

'n Vrou, in Bybelse tye, sal u weet het nie dieselfde status geniet as vandag nie. Wat egter die geskiedenis van Rut nog meer merkwaardig maak is nie net dat sy 'n vrou was, 'n weduwee daarby nie, maar ook 'n Moabiet.

Die Moabitiese volk begin nie goed nie! In Gen. 12 Skei Abraham en sy broerskind, Lot, van mekaar Abraham gee Lot die eerste keuse van waar hy wil bly. Lot kies om die grense te verlaat van die land wat God in Gen 12 aan Abraham belowe het saam met die belofte van seën en ʻn groot nageslag en ʻn groot naam. Hy gaan slaan sy tente op tot by Sodom.

U weet hoe Sodom en Gomorra eindig en hoe Lot moes vlug en sy vrou ʻn soutpilaar word! Gen 19 vertel dan hoe Lot se dogters hom dronk maak en op skandelike wyse by hom kinders verwek. Gen 19:37 sê dan: "...en die oudste het ʻn seun gebaar en hom Moab genoem. Hy is die vader van die hedendaagse Moabiete."

Dit word ook nie beter nie. In Num kom die Israeliete teen die Moabiete te staan en hul koning Balak kry die waarsêer Bileam om Israel te vervloek. Dit is egter belangrik om te onthou dat die belofte van seën aan Abraham in Gen 12 ingesluit het dat die wat hom en sy nageslag seën sal geseënd wees en die wat hom vervloek sal vervloek wees.

Die gevolg is dat na ʻn paar Gesprekke met sy donkie en uiteindelik met God, seën Bileam Israel en die vloek kom op die Moabiete neer.

Moab se nageslag, die Moabiete en Ben-Ammi, sy broer, ook gebore uit bloedskande vir Lot en sy jongste dogter, se nageslag, die Ammomiete, het ook onderskeidelik volgens 1 Konings 11 die gode Kamos en Molog aanbid. Aan hierdie gode is ook kinders geoffer (2 Kon 3:27), ʻn gruwel in die oë van die Here.

Moab en Israel sou regdeur hul bestaan teen mekaar te staan kom en die oordeel oor Moab is later deur verskeie profete ook aangekondig.

Die punt van al hierdie inligting is dat ons sal besef dat Rut grootgeword het as ʻn Moabitiese vrou, ʻn afgodedienaar uit ʻn vervloekte volk wat Kamos aanbid het en hul kinders aan hom geoffer het!

Na die volk Israel dan in die beloofde land gevestig is, gebruik die Here ʻn droogte en vir Naomi en haar twee seuns om Rut uit hierdie vervloekte land Moab terug te bring na Israel toe waar Hy ʻn plan met haar het. Rut was oppad na ʻn land waarin sy ʻn heiden, ʻn weduwee, en ʻn armoedige sou wees sonder enige heenkome en enige middele waardeur sy haarself sou kon ophef!

Die reis van Moab na Israel bring Orpa en Rut dan by hierdie groot kruispad in v12-17. Daar draai Orpa om, maar deur die genade van God en die werking van sy Gees maak Rut die belydenis van Geloof in die ware God: *"waar u gaan, sal ek gaan; en waar u vertoef, sal ek vertoef; u volk is my volk, en u God is my God." – Rut 1:16b*

Die belangrikste keerpunt waarin Rut haar rol in God se plan begin vervul is wanneer sy **geloof in God bely**.

**Geloof in God vertoon**

Dit stop egter nie daar nie! As Naomi en Rut in Betlehem gaan vestig begin Rut die geloof in God wat sy bely het, deur haar optrede en karakter ook sigbaar vertoon. In 2:2 is dit Rut wat voorstel dat sy gaan are optel. In Deut. 24:19 word die opdrag gegee dat die are en gerwe wat tydens oestyd agterbly, daar gelaat moes word vir die weduwees, vreemdelinge en wese. Die bedoeling is om die uitgelewerdes 'n manier te gee om te oorleef, maar hulle ook die verantwoordelikheid te gee om dit self te kom optel en so ook te werk om te kan eet. So word die vreemdelinge, weduwees en wese 'n lewe gebied en Rut was twee van die drie!

Rut bied nie net aan om hierdie werk te gaan doen nie, maar die dienaar van Boas vertel vir hom in v7 dat sy die oggend al kom vra het om are op te tel, heeldag gewerk het en min in die huis/skuiling gaan sit/rus het. Sy was bereid om hard te werk, lang ure te werk en min te rus!

As Boas dan aan Rut goed doen, vra sy hom waarom hy so goed is vir 'n vreemdeling en hy antwoord in v 11 dat hy gehoor het van alles wat sy vir haar skoonmoeder gedoen het. In 3:11 sê hy dat die hele stadspoort van die volk weet van haar deugsaamheid.

Rut se karakter word ook vertoon in hoe sy Boas effektief vra om met haar te trou. Sy volg Naomi se raad, maak haar mooi en as Boas klaar geëet en drink het en gaan slaap op die dorsvloer, gaan kruip sy by sy voete in. As Hy wakker word in die nag en vra wie sy is, maak sy haarself bekend en vra hom om sy vleuels oor haar uit te brei, want hy is die losser!

Sommige kommentators sien iets slinks of onderduims en selfs iets onsedeliks in hierdie gebeure raak, maar die antwoord wat Rut gee is egter 'n gelaaide uitspraak en binne die konteks van alles wat vooraf en alles wat hierna gebeur hier is 'n paar goed om uit te pak.

Eerstens: Regdeur hoofstuk 2 kom mens agter dat Boas reeds belangstelling in Rut getoon het. Die baas van die plaas sou nie sommer, soos in 2:14, 'n vreemde diensmeisie by hom kom laat sit en sy kos met haar deel nie.

Gegewe hierdie belangstelling sou sy waarskynlik vir Boas kon probeer verlei. Sy doen dit egter nie. Sy kruip by sy voete in en slaap net daar!

Tweedens: Soos Boas self erken in 3:10. As sy wou kon sy agter jongmanne aangeloop het, ryk of arm. Dit blyk dat sy waarskynlik aantreklik genoeg was om 'n jongman te kon kry as sy wou. Tog beroep sy haar op Israel se lossingstelsel, die bevel in Deut 25 dat 'n man wat kinderloos sterwe se naasbestaande met sy vrou moet trou om vir hom 'n nageslag te verseker. Sy doen dit deur Boas te nader, wat blykbaar heelwat ouer was.

Derdens: Die manier hoe Rut haar versoek verwoord spieël Boas se eie woorde in 2:12 as hy vir haar sê: *"Mag die HERE jou daad vergelde, en mag jou loon volkome wees van die HERE, die God van Israel, onder wie se vleuels jy kom skuil het."*

Nou vra sy hom om sy vleuels oor haar uit te brei. Die woord vleuels kan bloot verwys na die punt van sy kombers, maar haar keuse van woorde is waarskynlik 'n dubbeldoelige 'n manier om vir hom te sê: Soos ek onder die vleuels van God kom skuil het, so kom skuil ek nou onder jou vleuels. Dit sal inderdaad vir my 'n volkome loon wees as jy jou kombers oor my gooi, met ander woorde, as jy met my sal trou.

Vierdens: Boas het die grootste lof vir Rut, hy doen moeite in 3:13 om haar reputasie te beskerm, al het sy die res van die nag aan sy voetenent bly slaap. Dan stuur hy haar huis toe met ses mate gars. As hy haar optrede as 'n slinkse strik beskou het, sou hy sekerlik nie soveel lof en guns aan haar bewys het nie.

Rut se beroep op die lossingsreg, vertoon respek en eerbied vir die wette van God! Rut het dus in haar optrede en in haar karakter haar **geloof in God vertoon**.

**Geloof in God beloon**

Die verhaal eindig met die optrede van Boas. Hy besef dat hy nie die naaste losser is vir Rut nie en hy doen die eerbare ding deur die eerste losser die lossingsreg te gaan aanbied. Die naaste losser stel nie belang nie en die gebruik dat sy skoen uitgetrek word bevestig sy weiering.

Dit laat Boas oop om te los en hy kan met Rut trou. Wat ons moet besef is dat hierdie huwelik vir Rut 'n wonderlike uitkoms was! Sy het haar vader en moeder agtergelaat in Moab. Haar eerste man is dood. Al wat sy het is haar skoonma wat in dieselfde bootjie as sy sit. 'n Weduwee was van die mees uitgelewerde mense in daardie tyd.

Rut se huwelik met Boas was 'n verlossing van 'n donker moeilike toekoms wat vir haar sou voorlê en het haar **geloof in God beloon!**

**Slot**

Geliefdes, Rut is deur God gaan haal in Moab omdat hy met haar 'n besondere doel gehad het. In die vervulling van God se doel met haar, het Rut vervulling en vreugde en seën gevind. 'n Seun is vir haar gebore.

As ons die geskiedenis van Rut lees is dit egter maklik om die punt te mis, maklik om vas te haak by Rut en haar as hoofkarakter te sien. Sy is nie die hoofkarakter nie. Die vervulling en vreugde en seën wat ons vind as ons ons rol vervul in God se plan is bloot 'n genadige bysaak.

Die hoofkarakter hier is God en die groter verhaal hier is die verlossingsplan waardeur Hy aan elke uitverkorene, self aan ‘n vervloekte Moabiet sy genade skenk.

Sien, die hoogtepunt van die verhaal van Rut is nie in Rut 4 nie, maar in Mat 1, die geslagsregister van die Here Jesus Christus. Boas en Rut se seun is Obed, die Vader van Isai, die vader van koning Dawid en uiteindelik die voorouers van die Here Jesus Christus wat deur sy dood aan die kruis, nie net losser nie, maar Verlosser is wat aan elkeen wat in Hom glo uitkoms bied van die verdoemende gevolge van hul sonde!

Rut het nie vervulling gevind daarin om dieselfde as ‘n man te wees nie. Sy het vervulling gevind daarin om in haar unieke vroulikheid, grasie, elegansie, kuisheid en deugdelikheid deur God gebruik te word tot sy verheerliking.

Mag elkeen van u deur geloof in die Here Jesus Christus vervulling, vreugde en seën vind in God se werking in u!

Amen

**Gebed**

**Offergawes**

**Antwoord op prediking: Ges 249:1,4**

**Seën:**

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle almal! Amen (2 Kor 13:13)